Nasionale Kantoor
National Office

SAOU SA ONDERWYSERSUNIE
SA TEACHERS' UNION

Nuusbrief | Newsletter

Tel: 086 072 6843 | Faks/Fax: 012 348 9658
e-pos/email: saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 01 NEWSLETTER 13/01/2015

GROETEBOODSKAP VANAF DIE PRESIDENT
GREETINGS FROM THE PRESIDENT

Geagte Kollega

Hier aan die begin van 2015 wil ek baie graag aan elkeen van u as lid asook elke werknemer van die SAOU, 'n baie aangename en voorspoedige werkjaar toewens. Mag u elkeen, ongeag die aard van u werkslading, sukses en vreugde in die uitvoering van u taak ervaar.

Baie dankie aan elkeen van u vir die kwaliteit-afhandeling van die werksaamhede van verlede jaar. In die bestudering van die resultate van die verskillende assesserings deur die nasionale onderwysdepartement, is dit steeds duidelik dat SAOU-lede in die algemeen met toewyding en lojaliteit hulle taak verrig. Baie geluk dan ook aan almal wat in die proses presteer het.

Vir die jaar wat voorlê het die SAOU geen onsekerheid oor die uitdagings wat voorlê nie en kan ons u verseker dat ons weer gerat is om op elke moontlike terrein tot die beste voordeel van ons lede op te tree. Dit is nou reeds duidelik dat die eise wat by die onderhandelingstafel gestel gaan word, kompleks is en die SAOU sal hom daarop instel om kreatief mee te werk aan oplossings wat beide aanvaarbaar en implementeerbaar sal wees.

Die blote feit dat niemand van ons weet wat vir elkeen van ons op ons pad wag nie, lê die klem op ons ingesteldheid om die onbekende aan te pak.

Mag dit vir elkeen van u moontlik wees om, geanker in geloof, die uitdagings van die jaar die hoof te bied en mag u daarin buitengewoon suksesvol wees. Mag u verder in staat wees om die boodskap van hoop,

Dear Colleague

At the beginning of 2015, I would like to wish every SAOU member as well as all the employees of the SAOU an especially happy and prosperous year of endeavour and achievement. May each one of you experience success and satisfaction in your particular field of work.

Thank you to all for the dedicated completion of last year's tasks. It is clear from a close study of the various assessments carried out by the national department of education that in general, SAOU members continue to fulfil their role with diligence and loyalty. In the process, much was achieved. Congratulations to all.

The SAOU has no doubt that the new year holds huge challenges but be assured that the SAOU is geared to face whatever comes our way and to handle everything to the best advantage of our members. It has already become clear that the demands that will be made at the bargaining table will be complex but the SAOU has prepared itself to seek co-operative, creative solutions that will be both acceptable and practical.

The fact that not one of us knows what lies ahead for us serves to emphasise that we are nevertheless ready and prepared to tackle the unknown.

May each one of you be blessed with the courage and strength to meet the challenges of the New Year with exceptional success. May you be an example of hope and optimism to all with whom you work and so promote the message so important to our country as a whole.

wat so noodsaaklik in ons land is, aan elkeen met wie u werk oor te dra. Groete *Jopie Breed* PRESIDENT	Greetings *Jopie Breed* PRESIDENT